SAKE 24 (Burger Kaap)
Monday, 15 September 2008, p. 18

Projekte begin vir die herwinning van polistireen

'n Beroep word op inwoners van die Wes-Kaap gedoen om polistireen te herwin. Daarvoor is 'n aantal projekte in Kaapstad en omgewing begin.

Tans kan polistireen by sowat 40 000 wonings ingevorder word en daar is ook 'n aantal invorderingshouers in die stad beskikbaar. Dit kan ook in groot maat afgehaal word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die polistireen vry van plastiek en aangeplakte karton moet wees.

Meer inligting is beskikbaar op die Polystyrene Packaging Council (PSPC) se webwerf, www.polystyrenepackaging.co.za of bel me. Adri Spangenberg by ☎ 011 793 2658.